

Oefening 2015-8 AG-00006(2)

- (1) Wat is die duurste – die skoene per paar of een broek – as 4 pare skoene R660 kos en 7 broeke R1 204 kos?
- (2) Anton weeg homself op sy huisskaal. Hy merk dat hy 84 kg weeg, maar by die mediese sentrum (wat altyd reg is), is sy gewig as 90 kg aangeteken. Indien sy sussie se gewig by die mediese sentrum aangeteken is as 60 kg, wat sal sy sussie se gewig wees indien sy haar op die huisskaal weeg?
- (3) Skryf die volgende verhoudings in eenvoudigste vorm:
- (a) $\frac{1}{8} : \frac{3}{4}$ (b) 1,5 kg : 4,5 kg
- (4) Daar is 36 tennisballe in 'n houer. Grant het net R160 om by te dra tot die totale koste van die houer met tennisballe. Die houer se totale koste is R288. Grant en Sean besluit om die balle eweredig te verdeel na aanleiding van elkeen se bydrae. Hoeveel tennisballe sal Grant kry?